PLUS Chemists apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXIV | NOMMER 22 | 28 SEPTEMBER 1979

# Semesterkursusse is op pad




*Mej. Ziets de Kock van Wag-'n-Bietjie, 'n B.Farmasie-student, sê dit sal studente dwing om die tweede helfte van die jaar ook te werk. Dit sal 'n besparing wees om reeds in die eerste helfte van die jaar studente te sif.*



*Mnr. Org Basson van Villagers, 'n B.Sc-student, meen dat termynkursusse die geleentheid sal bied om meer op 'n spesifieke deel van die vak te konsentreer.*



*Mej. Madel Kotze van Dinki, sê dit is meer voordelig om oor minder werk eksamen te skryf.*



*Mnr. johnny Meyer van Villagers, 'n student in B.A.(Beplanning), sê dat dit studente sal dwing om dwarsdeur die jaar te leer.*



*Mej. Annelies Slabber van Dinki, 'n B.Sc-student, is ten gunste van die stelsel want dit sal studente verplig om dwarsdeur die jaar te werk.*

**In 1981 tree semesterkursusse op die PU in werking. Volgens mnr. J.A. Steenkamp van Administrasie, is die stelsel net tot voordeel van die student.**

Die stelsel van semesterkursusse gaan gebruik word omdat dosente meen dat studente beter werk behoort te lewer as hulle gouer verslag kan gee oor hulle werk. Sodoende kan meer vakke ook baie gouer afgeskryf word.

Betaalde gelde sal nog nie verander nie. Die Raad sal nog 'n besluit neem omtrent gedifferensieerde kursusse en gelde. Sommige kursusse sal noodwendig duurder word.

Die owerhede sal studente op 'n later datum volledige inligting oor hierdie saak gee.



*...ter het Woensdag hulle Lentenooi aangewys. Die Lentenooi, mej. Sarita van Rensburg (regs) van ...rgeet-my-nie, is gekies uit verteenwoordigsters van ...e nege dameskoshuise. Mej. Van Rensburg sal met die Kampusfees op 3 Ok...ber die grenspakkies wat deur Aster versamel is aan ...g. Ferreira, hoof van Weskommando, oorhandig.*

# Blink planne vir koshuise kom

**Twee groot manskoshuise wat elk 250 studente kan huisves en ander nuwe idees en verwikkelinge kan deur studente in die vooruitsig gestel word.**

Kontrakteurs het reeds begin bou aan die twee nuwe koshuise. Dit is in die omgewing van Caput en Hombré. Die koshuise sal teen die einde van 1981 voltooi wees.

Studente van Thaba-Jäh, Heimat en Uitspan sal in die nuwe koshuise gehuisves word.

Klooster se inwoners sal nog tot aan die einde van 1981 in die koshuis gehuisves word. Wat daarna sal gebeur, is nog nie seker nie. Dit kan wees dat die Raad sal besluit om die geboue en grond aan te koop. Die verbeterings wat dan aangebring sal moet word, sal ongeveer R400 000 beloop. Die inwonertal en finansiële aspekte sal bepaal of geboue soos Klooster aangekoop gaan word.

Outomatiese wasmasjiene word vir koshuise oorweeg. 'n Proefneming word binnekort by Caput begin. As die uitslae positief is, sal by ander koshuise ook outomatiese wasmasjiene geïnstalleer word.

Vraelyste is Maandag deur 500 studente ingevul. Die PU-owerheid wil hierdeur bepaal wat die gevoel oor koshuise en die administrasie daarvan, is.

Nuwe beplanning sal dan in die rigting wat die uitslae van die vraelyste aandui, gedoen word.

Die Owerhede wend nietemin 'n grootskaalse poging aan om die studente sover moontlik tevrede te stel.

# KAMPUS VIER FEES

**Die jaarlikse lentefees sal vanjaar op 3 Oktober plaasvind. Soos vorige jare sal dit vanaf 16h30 op die Fanie du Toit plaasvind.**

Daar sal 'n Volkswagen-Kewer tydren wees, asook 'n braaivleiskompetisie. Die wenner van die braaivleiskompetisie sal aan die kompetisie tydens die Montagu-wynfees deelneem. Die PU se eie Trimpark sal ook tydens die fees geopen word. Die geld vir die oprigting daarvan is deur Sanlam geskenk. Verteenwoordigers van Sanlam en die Sportburo sal die verrigtinge bywoon. Die opening sal die vorm van 'n kompetisie aanneem en elke koshuis skryf een atleet in.

Die toutrekkompetisie tussen die koshuise sal weer gehou word, en die finale trekkery begin om 17h30. Aster sal ook grenspakkies aan die grensmanne oorhandig. Die baardkompetisie sal dié jaar 'n afdeling vir die weligste en die netjieste baard hê.

Daar sal nie weer vleis op die terrein gebraai word nie. Die vleis sal reeds by die koshuise voorberei word en daar te koop wees. Dagstudente kan kaartjies teen R1 koop.

Daar sal nie weer vanjaar "boat-races" gehou word nie. Daar is op dié stap besluit omdat bier baie duur is en dit in elk geval moeilik is om sulke kompetisies te kontroleer.

Die volledige program lyk só:

16h30 Tydren; trimpark; braaivleiskompetisie
16h45 Eerste trek van toutrek
17h00 Grenspakkies: Aster
17h05 Tweede trek van toutrek
17h20 Baardkompetisie
17h30 Toutrek-finaal
17h45 Wenners van braaivleiskompetisie

# "Klaskaptein"-tyd is verby

**...e stelsel van klasver...nwoordigers is nou 'n ...myn lank in werking. ...al is oor die gevoel van ...askaptein", en begin ...ef dat die stelsel meer ...ou as wat eers gedink**

...ie fakulteitskomitees het ...vanklik gesukkel om aan ...gang te kom, maar nadat ...wat foute begaan en ...bleme ondervind is, kan ...mens tog sien dat daar ...gevorder is.

...ie grootste probleem is ...baar dat die departe...ntsvoorsitters nie fakulteitskomiteevergaderings bywoon nie. Die enigste manier hoe klasverteenwoordigers hulle verantwoordelikhede gaan nakom, is wanneer die studente self onder hulle gaan vuurmaak.

As studente nie ingelig is omtrent die werksaamhede van die fakulteitskomitee nie, stort die hele stelsel in duie. Dit is noodsaaklik dat studente die klasverteenwoordigers op hulle tone hou deur gedurig navraag te doen oor vergaderings, aksies, ensovoorts.

# Noodtaal is brabbeltaal

**Die onderwerp van die inougurele rede gelewer deur prof. D.H. Steenberg, hoogleraar in die departement Afrikaans-Nederlands aan die PU was "Die verteller" in Magersfontein O Magersfontein, van Etienne le Roux.**



*Prof. Steenberg*

Die verteller is volgens Prof. Steenberg tipies van die verteller van die twintigste-eeuse prosa. Die verteller self sê oor die vertelwyse in die roman: "In tye van nood kan die maklikste gekommunikeer word in die brabbeltaal van ons volksamestelling". Prof. Steenberg sê die werk moet eerstens op religieuse en sedelike vlak ontleed word. Die indruk wat deur die komiese effek van die kru taal verkry word, laat by die leser die indruk dat die standaarde van toelaatbaarheid getoets word, om te veg vir die reg om só te mag praat.

Die doel van die roman is om die verval in die gemeenskap aan die kaak te stel. Dit word gedoen deur die beskrywing van die skokkende optrede van die filmspan wat die film oor die slag van Magersfontein maak, en die onbekwaamheid van die uitgebeelde owerheidsinstansies om die gevaar van 'n komende vloed raak te sien en die gemeenskap te red.

Volgens Prof. Steenberg word die komiese te ver gevoer in die ontluistering van Christus in 'n tragies-komiese situasie deur die optrede van karakters en die vulgêre aanbod van sekere tonele.

# HOD(G) — is dit tydmors?

**Die eenjarige H.O.D.(G)-kursus gaan vanaf volgende jaar verander word om 'n sinvolle eenheid te vorm.**

Volgens prof. Van der Walt, van Historiese Opvoedkunde, ontstaan klagtes dat die kursus tydmors is omdat studente nie perspektief oor die hele kursus het nie. Die klagtes het veral betrekking op vakke soos Empiriese Opvoedkunde, Algemene Voorligting, Algemene Historiese Opvoedkunde en Onderwyspraktyk.

Prof. Van der Walt sê sulke klagtes sal nie ontstaan as studente 'n positiewe houding teenoor die kursus openbaar nie. Die kursus kan in drie onderafdelings verdeel word, nl. die akademiese-, professionele-, en persoonlikheidsvorming. Om die kursus in 'n sinvolle eenheid te behou sal slegs die akademiese deel verander kan word.

Mej. Magdel van der Walt, Honneursstudent in Sielkunde, het reeds die kursus voltooi. Sy sê studente moet onthou dat dit 'n nagraadse kursus is en dus baie werk vereis. 'n Mens is dikwels nie in staat om tydens die studiejaar die kursus in perspektief te sien nie. Die kursus is nie net beroepsgerig nie maar ook opvoedkundig.

# VSA propageer teen SA

deur Politiese Perspektief

**Daar word aktief deur die Amerikaanse media teen SA te velde getrek. Negatiewe dekking word veral aan die swart/wit kwessie verleen.**

Hier vind ons dat daar veral gehamer word op minderheidsvergaderings en vereenvoudiging van die komplekse volkereverhoudings in Suid-Afrika.

Daar word ook gesinspeel op die feit dat opstand, anargie en geweld aan die orde van die dag is. Die kommunistiese bedreiging en die daarmee gepaardgaande strategiese waarde van Suid-Afrika, word op die agtergrond geskuif.



*Na aanleiding van 'n toer wat Karlien se netbalspan na Durban meegemaak het, het die rektor, prof. Tjaart, 'n brief van mnr. J.E. Foley ontvang. Hierin word die toerspan geprys vir hulle baie goeie gedrag. Hul entoesiasme was aansteeklik en het oral waar hulle gaan 'n baie goeie indruk geskep.*

# Ekstra masjien help baie

**Volgens Selma Jonker, voorsitster van die PASV, bestaan daar 'n moontlikheid van nog 'n fotostaatmasjien vir diens aan studente.**

Die dienstye is tussen een en twee op Dinsdae en Donderdae, en tien voor agt tot half twaalf op Vrydae. 'n Nooddiens word oorweeg, wat sal behels dat studente afdrukke ná dienstye kan maak. Selma Jonker van Oosterhof of Frik Taute van Caput kan gekontak word.

Die afdrukke kos steeds vyf sent, maar die bedrag word in totaal vereffen. Die probleem van vyfsente soek, is dus uitgeskakel.

Die masjien sal in die Farmakol-gebou beskikbaar wees, en diens sal deur lede van die PASV gelewer word.

# R-Puk lok baie

**'n Groot belangstelling vir Radio-Puk het onder studente posgevat.**

Volgens mnr. Theuns Steyn, SSR-lid, is daar nog probleme met die kies van 'n nuwe bestuur.

Kontrakte is reeds met EMI-Brigadiers aangegaan. Die Maatskappy sal plate aan Radio-Puk skenk, met die voorwaarde dat hulle advertensies van EMI-Brigadiers uitsaai.

Radio-Puk beplan om in die toekoms van 08h00 tot 23h00 die Studentesentrum met hulle musiek op te vrolik.

# Geograwe besoek Maties

**Op Woensdag 29 Augustus het 30 lede van PUGEO (die Geografiese vereniging van die PU) na Stellenbosch vertrek om die elfde Studente Geografiese Konferensie by te woon.**

Die groep het Donderdagmiddag in Stellenbosch aangekom. Ná ete die aand is hulle onthaal deur 'n oud-Puk, mnr. Andries Krogman. Vrydagoggend is 'n uitstappie na Kaapstad onderneem. Kampsbaai en 'n wynplaas is ook besoek. Die konferensie het die aand 'n aanvang geneem.

Mnr. G. Kekana van Zululand het 'n referaat gelewer oor: "A socio-economic survey of Kwa-Dlangezwa". Mnr. J.J. Dambudzu van Rhodesië se onderwerp was: "Some demographic, economic and migration characteristics of Urban Africans with particular reference to Zengeza township".

Saterdagoggend het mnr. Deon Claassen van die PU 'n referaat gelewer oor: "Aspekte van Nywerheidsvesting in die Vaal-Driehoek".

Gedurende die res van die dag is referate deur verteenwoordigers van bykans alle universiteite in die land gelewer.

Die konferensie was uiters geslaagd en die geograwe het baie geleer.

# Studentelewe oorgeorganiseerd?

**Die Studenteraad het 'n kommissie aangewys wat die beweerde oorgeorganiseerdheid van die studentelewe sal ondersoek. Die kommissie sal aan die begin van volgende jaar 'n volledige verslag lewer.**

Daar is sprake dat daar te veel verenigings is wat mekaar onnodig oorvleuel. Dit kan meebring dat die oorvuurigheid van studentelewe hierdeur uitgeput kan raak. Minder organisasies kan noodwendig meer studente betrek en dus meer doelgerig wees.

# KAMPUSBEELD-SOMER '79

deur Jaco Pretorius



*Sal ek gaan . . . of sal ek nie? . . .*

*Baie koel?*



*'n Bietjie warmer.*



*Bietjie moeg maar nog heel en kleurvol.*



*!?*



*Op pad na die koshuis.*



die WAPAD

## Sportgeriewe vir studente?

**Die Studentesentrum is primêr opgerig om in die behoeftes van studente te voorsien — vir die organisasie van aktiwiteite, die aanbieding en bywoning van opvoerings, vir sosiale geleenthede, etes en verversings, sportbeoefening en gesonde ontspanning.**

**Ten spyte daarvan dat die Studentesentrum se geriewe daar is vir elke Puk-student word veral die sportgedeelte feitlik eksklusief deur 'n paar klubs gebruik.**

**Op die oomblik word studente byna uitgesluit van muurbal en pluimbal — die twee sportsoorte wat die meeste aanhang as ontspanning geniet — tensy hulle ledegeld betaal om aan die klubs te behoort. By die Muurbalklub bedra dit R10 per jaar (al is daar nog net twee maande van die jaar oor) en 'n addisionele 5 sent per spel. Nie-lede word toegelaat om te speel teen 'n fooi van 80 sent. Baanplasings maak dit moontlik dat net sekere spelers van sekere bane gebruik mag maak. So mag byvoorbeeld net PU-spelers en Wes-Transvaalspelers (al is hulle nie Pukke nie en ten koste van PU-koshuisspanne) gebruik maak van die wedstrydbaan.**

**Net lede van die Pluimbalklub (ledegeld: R5) mag die pluimbalbane gebruik.**

**As gevolg van hierdie reëlings gebeur dit dikwels dat bane oopstaan omdat almal nie bereid is om klublede te word en soveel vir blote ontspanning op te dok nie. Vir twee nie-lede kos dit saam R4,80 om drie keer per week te gaan muurbal speel — in hulle eie Studentesentrum.**

**Navrae het aan die lig gebring dat die klubs nie self onderhoudskoste vir die bane betaal nie — waar gaan die geld heen?**

**— I.M.**


## Ondersoek na druipsyfer

**'n Onlangse ondersoek na studietye van eerstejaars, het getoon dat eerstejaars veral tydens die halfjaar-eksamens buitengewoon swak presteer. Uit die ondersoek het geblyk dat oriëntering en karnaval mekaar te vinnig opvolg, en te veel tyd van die eerstejaars in beslag neem. Dit bring mee dat die uitslae van die eerste toetsreeks kommer wek, hoewel geredeneer is dat die ondersoek nie wetenskaplik verantwoordbaar is nie en dat die steekproef nie omvangryk genoeg was nie. Slegs 200 van die 1 000 eerstejaars is by die ondersoek betrek, wat nie as verteenwoordigend beskou kan word nie.**

**Die Akademiese Raad en doserende personeellede het nietemin besluit om 'n meer omvattende ondersoek in hierdie verband te loods. Die tweede vraelys bestaan uit multikeuse-vrae, en word as wetenskaplik verantwoordbaar beskou. Dit is deur die fakulteitskomitees en dosente opgestel, en sal deur 'n rekenaar nagesien word. Die idee om karnaval in die toekoms direk ná die vakansie te hou, sal goed werk solank alle karnavalreëlings slegs in die vakansie getref kan word. Ervaring het dikwels bewys hoe graag studente akademiese verpligtinge op die agtergrond skuif ter wille van ander bedrywighede, en dit sou jammer wees indien eerstejaars op hierdie manier van 'n gerieflike verskoning voorsien word.**

## Bloktyd

**Die besluit om die bloktyd voor die eindeksamen te verleng, is met blydskap ontvang. Die vraag bly nou of hierdie blydskap spruit uit opregte besorgdheid oor langer studietyd, of uit die gedagte aan soveel meer luilekker dae in die son. Elke student behoort te besef watter verantwoordelikheid hierdie vergunning van die senaat op sy/haar skouers plaas, ook met die oog op volgende jaar se studente.**




***Wat gaan ons met bloktyd maak!?***

# Nuwe argumente vir oriëntering

**— deur Dirk van Heerden —**

**"Ek wil nog die eerstejaar sien wat 'n beter mens word deur oriëntering."**

Dit is van die uitsprake wat 'n kommissielid kwytgeraak het in hul ondersoek na oriëntering.

Oriëntering hou eerstejaars weg van dit waarvoor hulle eintlik hierheen gekom het. Hulle moet ook allerhande gunsies en gafies deur die eerste tydperk van oriëntering doen.

So klink die klagtes wat eintlik nooit geopper word nie. Dit begin nou eers uitborrel. Kommissies en leiersfigure begin nou eers sterk standpunt inneem.

Daar waar oriëntering "in" of "uit" besluit word, is oriëntering se "draadjie" waaraan hy die afgelope jare nog gehang het blykbaar nou finaal geknip.

Oor die goed of sleg van oriëntering wil ek hier nie uitbrei nie. Ek wil nie standpunt inneem nie. Net dui op die kaalkop feite wat nooit voorheen by ons argumente oor oriëntering ingesluit is nie.

'n Kommissie van die Departement van Ontwikkeling het diep ingegaan op aspekte van 'n heel ander kleur. 'n Mens kan bespiegel dat hulle miskien gelet het op die PU se beeld na buite. Dat stories gedraai en verdraai word en so na die publiek gedra word is vir hulle sorgwekkend. Miskien is sommiges waar, ander weer nie.

'n Mens kan dink dat Ontwikkeling teen oriëntering sal wees, vir die beeld van die PU. Die voorsitter van die Kommissie van die Departement Ontwikkeling, prof. H.B. Kruger, is kaalkop teen oriëntering.

Die PU moet "bemark" word, soos enige ander universiteit. En oriëntering bevorder nie eintlik die beeld wat Ontwikkeling graag sou wou uitstuur nie.

Ek wil dit nie sê nie, maar ek dink dat die kommissie 'n eenvoudige aanbeveling gaan gee — "skaf oriëntering af".

'n Paar sterk strydpunte wat hulle het, en wat baie deurslaggewend is, is dat eerstejaars akademies deur oriëntering in die wiele gery word. Dat die argument dat oriëntering van 'n eerstejaar 'n beter mens maak geen krag of waarde dra nie. Die twee alleen is eintlik genoeg — miskien. En dan die beeld van die PU. Of kan mens dit eerste stel?

'n Kommissie van die Akademiese Raad het ook verdere interessante gevolgtrekkings gemaak. Die kommissie bestaan uit lede van die fakulteitskomitees en dosente. Hulle het 'n ondersoek onder eerstejaars en huiskomiteelede d.m.v. vraelyste gedoen.

"Die week van karnaval word glad nie aan akademie bestee nie. Daar was klagtes dat eerstejaars se akademie dan erg agterraak. Hulle wil hê dat karnaval aksies opsioneel moet wees. Vóór die karnavalweek duur sêroefening op geveer een uur per dag, en sokker en skopfiets ook ongeveer een uur."

Die kommissie beveel in hierdie verband aan dat karnaval weer soos in die verlede 'n tweedejaarsaksie word. Dit moet beperk word. Dit moet ook vir eerstejaars opsioneel wees.

"Oor die algemeen word stiltetye in koshuise nie gehandhaaf nie."

Aanbeveling: "Dat HK-lede op 'n mooi manier sal sorg dat stiltetye wel gehandhaaf word."

"Verder moet eerstejaars seniors se kamers skoonmaak en beddens opmaak; motors was; wasgoed was; hulle word rondgestuur, bv. na die kafee, biblioteek, dorp, Bult, boodskappe aflewer, kos koop ens. ens."

Aanbevelings is dat seniors hulle eie "vuil" werk moet doen. Huiskomitees moet dit op eerstejaars se harte druk dat hulle geen persoonlike dienste vir seniors hoef te doen nie.

Aan die einde van hul verslag sê die kommissie die rede vir swak prestasies is die seniors aan die een kant wat baie tyd opeis, maar die grootste rede aan die ander kant is die gebrek aan selfdissipline van die eerstejaars.

Ons moet werklik lank gaan dink voordat argumente wild en wakker rondgegooi word.

## *Uit die woord*

**Matt. 6:11**

**"Gee ons vandag ons daaglikse brood."**

*In hierdie "skynbare" kort gebed lê daar 'n ryke belydenis. Kom ons kyk kortliks na elke woord:*

**Gee:** *Hierdie woord gebied nie, maar smeek. Dit is hoe 'n kind iets van sy Vader vra. In geloof en in nederigheid vra jy van die Gewer.*

**ons:** *Die Christen leef nie vir homself nie. Hy bid ook nie net vir homself nie. Wat hy vir homself vra, vra hy ook vir ander. Alle egoïsme verdwyn hier.*

**vandag:** *Vra wat jou huidige nood is. Jy moet nou nie kwel oor môre nie. Leef elke dag biddend met die oog op Jesus Christus wat jou versorg.*

**daaglikse:** *Dit is: gee vandag wat ons benodig. Die gelowige vra nie oorvloed nie — hy vra net die nodige. Met hierdie woorde bely die gelowige sy afhanklikheid van God.*

**brood:** *Dit is alles wat nodig is vir liggaam en siel. Dit is kos, klere, gesondheid — ja, dit is ook krag, wysheid en helderheid van verstand, veral in hierdie tyd.*

Wie hierdie woorde bid, bely dat hy algeheel van God afhanklik is. As kind van God smeek hy om van die gawes wat sy Vader aan hom beloof het.

Moet julle nie kwel nie, bid en glo, God sal julle verhoor.

# Prof. Molnar is fiks

**Prof. Strydom van die L.O.-departement het Maandag aan prof. Thomas Molnar van die V.S.A. 'n toekenning vir fiksheidsoefeninge oorhandig. Aan sy vrou mev. Eldiro Molnar, is 'n borsspeld oorhandig.**

Prof. Molnar het beklemtoon dat elkeen gereeld moet oefen, veral in vandag se lewensomstandighede. Daar moet egter eers die nodige onderrig gegee word. Die fiksheidsprogramme in Suid-Afrika vergelyk baie goed met die van die V.S.A. Die trimparke is egter onprakties omdat daar geen mediese beheer is nie.

Volgens prof. Molnar is dit nie noodwendig so dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde verstand huisves nie. 'n Gesonde liggaam is egter 'n groter reserwe wat langer werkure verskaf.

Prof. Molnar sien die fisiese veranderinge en die ekonomiese groei in Suid-Afrika soos dié van enige ander moderne land. Volgens hom is die huidige politieke veranderinge noodsaaklik, soos byvoorbeeld die Tuislandontwikkeling wat 'n goeie oplossing is, maar nie noodwendig die finale oplossing nie. Dit bewys darem dat die huidige regering aan die werk is.

Prof. Molnar se mening oor die Suid-Afrikaanse huishoudelike probleem is: "It's nobody's business and nobody listens to it anyway." Die negatiewe propaganda in die buiteland is volgens hom "useless, unnecessary and harmful". Dit is onnodig om verskoning aan die buiteland te maak, omdat iemand wat verskoning maak, noodwendig skuldig is. Hoekom moet ondersoekspanne ons kom besoek, en ons nie vir hulle nie. Die algemene mening hieroor is dat Suid-Afrika nie onnodig wil vyande maak nie, maar ons het buitendien oral vyande.

Prof. Molnar is baie beïndruk met die gedrag van die Afrikaanse student. In vergelyking met die res van die wêreld se studente vertoon die Suid-Afrikaanse student baie goed. Die gehalte van hul kleredrag, geaardheid en maniere dui vanselfsprekend op positiewe studie.

Na 'n besoek van drie maande vertrek prof. Molnar en sy vrou Sondag verder op sy wêreldreis.

# Nikotien is Sianied

deur John Britz (PASV)

**Alhoewel duisende Suid-Afrikaners die rookgewoonte gestaak het, het duisende ander (veral jeugdiges) dit aangeleer. Opnames toon dat duisende Suid-Afrikaners wat ook die gewoonte wou staak, dit nie doen nie, omdat hulle meen dat gedane sake geen keer het nie. Dit is egter nie so nie, aangesien rookstaking onmiddellike gesondheidsvoordele inhou.**

"Nicotine is one of the most toxic of all drugs; it acts at a rate comparable to that of cyanide."

Die dosis nikotien waarby dood kan intree is 60mg. Sekere sigarette bevat 20 - 30mg.

**Komponente van tabak:**

Nikotien: Gemiddelde sigarette (6-10mg; Sigaar 15-40mg.

Piridien, teer, vlugtige sure, fenoliese substanse. Sowat 500 bestanddele is al geïsoleer uit tabak en tabakrook. Substanse soos polonium-210 en nikkel is geïdentifiseer in tabakrook, en dit is twee faktore betrokke by die ontstaan van longkanker. Koolstofmonoksied, die giftige gas wat by motors afkom, kom ook in sigaretrook voor.

**Effekte en siektes deur nikotien veroorsaak:**

Hart: Verhoogde harttempo. Verhoogde bloeddruk deurdat die vate vernou in die liggaam. Sigaretrokers kry 70 persent meer hartaanvalle as nie-rokers.

Spysverteringskanaal: Kan verhoogde spysverteringskanaalperistaltiek kry sodat diaree kan ontwikkel.

Maagkrampe: Verhoogde indikasies van maagsere kom by rokers voor.

Lugweë en longe: Verhoogde produksie van slym a.g.v. die irritasie van die rook in die lugweë, en verlamming van sweephare wat slym en ongewenste voorwerpe moet uitwerp uit die longe. Studies toon dat ±11 sigaretrokers doodgaan aan longkanker vir elke nie-roker wat aan longkanker doodgaan.

Spiere: Nikotien veroorsaak 'n blokade in die spierweefsel sodat verlamming van die spiere voorkom, ook die asemhalingsspiere, met die gevolg dat dood intree a.g.v. asemhalingsonderdrukking.

Die brein: Versteurde gehoor en visie word veroorsaak. Emosionele veranderinge tree in. Bewings en selfs stuiptrekkings by hoër dosisse. Braking kan ook voorkom.

Swangerskap: Nikotien kruis die plasentale skans. D.w.s. indien 'n swanger vrou rook kan al die genoemde effekte ook in die ongebore kind voorkom. Studies toon dat die gewig van 'n pasgebore baba wie se moeder gerook het tydens swangerskap se massa laer is as die normale baba. Dames wat tydens swangerskap rook vergiftig meer as net hul eie liggame.

Kanker: Sigaretrokers se kans om verskillende tipes kanker te kry is as volg: Mondkanker 10 maal hoër as nie-rokers. Kanker van strottehoof, 7 maal hoër Kanker van die slukderm, 11 maal hoër. Kanker van die blaas, 3 maal hoër. Longkanker, 10 maal hoër. Nierkanker kan ook meer voorkom.

WENKE: MOENIE begin rook nie. Indien jy rook — STAAK DIT.

**STAKINGSWENKE:**

Die eerste 48 uur is gewoonlik kritiek. Daarna sal dit al makliker gaan.

1. Rook elke dag een sigaret minder.
2. Dink voor jy 'n sigaret aansteek — stel dit dan uit.
3. Koop kougom of iets om aan te kou.

Senuweeagtigheid, verhoogde eetlus ens. is tekens van die liggaam se aanpassing. Moenie dat dit jou deursettingsvermoë 'n knou en jou gesondheid nog 'n groter knou gee nie.

Verwysing: Goodman en Gilman. Bl. 567-570. Brosjure van Nasionale Kankervereniging van S.A. en Nasionale Raad Insake Rook en Gesondheid van S.A.

# Primosa maak skoon



*Hier is die werk klaargedoen. Die hope vullis dui op die deeglike werk.*

**Omtrent 1 200 hoër- en laerskoolkinders en 43 onderwysers van Promosa het aan 'n straatskoonmaakveldtog in Promosa deelgeneem.**

Mnr. Hennie Alberts het aan die skoolkinders verduidelik dat 'n mens nie net 'n plek vir jouself skoonmaak nie, maar ook vir ander. Dit is die kinders se taak om die volwassenes in te lig om nie rommelstrooiers te word nie.

'n Dag voor die skole vir die kinders van Promosa gesluit het, was daar 'n gewoel en gewerskaf om al die strate mooi skoon te kry. Elke papiertjie of enige rommel is opgetel en in sakke gegooi wat weer deur die munisipaliteit weggery is.

Soos mev. Ann preller, organiseerster vir omgewingshigiëne vertel, het elke klas 'n straat gekry om skoon te maak. Hierdie straat moet so gehou word. Die klas wat hul straat die skoonste hou sal dan 'n partytjie kry.

Met hierdie veldtog het hulle kinders geleer om rommel op te tel en plekke skoon te hou. Mnr. Alberts het verder gesê die geld wat normaalweg gebruik word om die strate skoon te hou, kan nou op ander items spandeer word, as hulle die gebied skoonhou.

Mnr. Sid Eckley, voorsitter van die Studentegemeenskapsdiens (SGD), het gesê die idee om die omgewing papiervry te hou het van die Promosagemeenskap self gekom. Hulle het net gehelp om alles deeglik en sorgvuldig te organiseer.



# Uit die perd se bek

**'n SSR-vergadering is op Maandag 17 September gehou. Die jaarbeplannings van die portefeuljes is voorgehou en bespreek.**

● Mnr. Bert Sorgdrager (ontspanning) beoog om volgende jaar weer 'n toer na die Montagu-wynfees te reël. Hy wil die gimnastiekvertoonspan, landloopatlete en die braaivleisspan saamneem.

● Die moontlikheid van pop-orkeste wat in die amfiteater sal optree, is bespreek. Volgens mnr. Sorgdrager is daar reeds orkeste wat hierin belangstel. Sodanige optredes is ook onderworpe aan die goedkeuring van die SSR.

● Mnr. Ollewagen (PU-kleure en Reklame) het baie nuwe idees vir die komende termyn. Die voorstelle vir 'n PU-vlag is aan die vergadering voorgehou en een voorstel is goedgekeur. Dit is meroen met 'n geel kandelaar op.

● 'n Nuwe PU-trui is ook goedgekeur. Dit is van die portrektipe met 'n kandelaar op.

● 'n Groot kennisgewingbord met verskuifbare letters sal in die kafeteria opgerig word. Die doel hiervan is om studente meer bewus te maak van aksies wat op die kampus aangebied word.

● Mnre. Pretorius en Sorgdrager (Intervarsity) het die aanbeveling van die Sportraad aanvaar, waarvolgens daar nie in 1980 'n intervarsity teen Wits gehou sal word nie. Die rugbyklub sal self besluit of hulle wil speel of nie. Uit die aard van die saak sal dirigente en sjampanjenooiens ook nie optree nie.

● 'n Nuwe metode vir verkiesing van dirigente is bepaal. Kandidate sal nou eers deur 'n paneel van keurders goedgekeur word, en die massa sal tussen hulle kies. Mnr. Jan Botha was van mening dat 'n dirigent'minstens moet kan sing om só liedjies aan die massa oor te dra.

● 'n Nuwe PU-serp sal tydens Karnaval en daarna verkoop word.

● Mnr. Herman Maartens (weerbaarheid) het bekend gemaak dat die skietbaan, volgens maj. Du Toit, volgende jaar voltooi sal wees. Dit blyk dat daar baie belangstelling vir pistoolskiet is.

● 'n Aanbeveling is gemaak dat die trompoppieoptrede tydens intervarsity in heroorweging geneem word. Dringende aandag sal deur die ontspanningskomitee hieraan gegee moet word.

● Die finale indeling van koshuise vir karnaval is as volg:

Vergeet-my-nie — Hombré
Karlien — Caput
Wanda — Amajuba
Kasteel — Klooster
Oosterhof — Villagers
Klawerhof — Over-de-Voor
Dinki — Makouvlei
Kulu — Heimat
Wag-'n-bietjie A — Liberalia
Wag-'n-bietjie B — Uitspan
Heide A — Thaba-Jäh
Heide B — Oppikant

● Mnr. Hugo Pienaar (Studentesentrum) voorsien dat versiering van die sentrum deur die studente self gedoen sal word. Veral die kunsstudente se skeppings sal deurentyd uitgestal en afgewissel word. Dit sal veral in die groot sitkamer, snoekerkamer en raadsaal wees.

● Sigaret-, koeldrank- en lekkergoedmasjiene se nodigheid word ondersoek.

● 'n Eerol ter ere van Pukstudente wat op die grens gesneuwel het, moet aangebring word. 'n Geskikte plek word nog gesoek.

● Die SSR het die aankoop van 'n bussie en Kombi vir gebruik deur SGD goedgekeur. Wanneer SGD as welsynsorganisasie geregistreer word, moet hulle egter die geld aan die SSR terugbetaal.


# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap**

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch. Lombardstraat 42.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**RIETSKRAAL**
Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

**JEANS DENIM DEN**
Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakieklere en Lee's koortfluweelskeppings in Potch teen die billikste pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS. Tel. 8791. Indiërsentrum.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Adres: Kerkstraat 77. Kom besoek ons op kantoor tel. 7960. Na-ure 24574.

**LOMP EN DOM** met seminare en tikwerk? Skakel mev. Laubscher by tel: 21232, Kruisstr. 136 vir vinnige tikwerk en billike tarief.

**CERTAIN T SHIRTS**
**HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS**
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

# tandem


**Dis maklik om eenkant te sit en artikels uit te dink vir 'n joernaalblad soos dié. Dit is net so maklik om totaal verby die algemene leserspubliek te skryf. Ons wil julle menings en griewe hoor. Hierdie week betree Tandem die onsekere wêreld van mansmodes. Hoe voel julle daaroor? mens wil waag om te sê dat mans 'n bietjie wakkerskrik nodig het wat hulle voorkoms betref. Jy verwag tog dat jou meisie moet mooi lyk — sy verwag dieselfde van jou.**

## Nuwe mode in oënskou

**Stop! Haal die motorsleutels uit jou sak, sit jou beursie terug in die kas, en terwyl jy nou daar is, maak die ander deur ook oop. Kyk weer na verlede somer se klere, want om in desperaatheid na die naaste modewinkel af te sit gaan honderde rande uit jou sak jaag.**

In teenstelling met wat 'n mens dink, beweeg die mode nie met rukke en spronge soos dit soms lyk nie. Die noupypbroek met lang jurk van drie seisoene gelede het plek gemaak vir die nou rok en romp van die winter plus spanbroek in die somer. Ook ten opsigte van die mansmodes het die klem stadigaan van die strepiesmode na die effekleure verskuif. Daar is dus altyd iets in jou kas wat met 'n effense verandering weer in die mode sal wees.

**Wat die dames betref;** moenie summier al die wye, bont rompe weggooi nie. Die wye romp wat oopknoop lyk mooi in 'n spanbroekleotard kombinasie. Net 'n waarskuwing oor die spanbroek-mode: kies die klere en kleure só dat die spanbroek nie by die rok deurskyn nie. 'n Been wat deur 'n spleet loer lyk oulik — 'n paar heupe wat swart, of watter kleur ook al deurskyn, is swak smaak.



Dis onnodig om te waarsku dat 'n mens voor die tyd 'n kleurskema moet uitwerk. Dis maklik om te sê dat alle kleure saam gedra kan word gedurende die somer, maar dit is beter om by die minder uitspattige kleure soos rooi, ivoorwit en blou te bly in die keuse van rompe en langbroeke. T-hempies, bloese, seinture en serpe kan die kontras vorm. Sodoende word gesorg dat die klere nie net een seisoen in die mode bly nie. Almal dra rooi en geel, maar middernagblou, smaraggroen en pruimkleur is ook treffende kombinasies.

Rokke waarvoor jy moeg is, kan rompe word, en uit 'n wye, bont romp kan selfs 'n bloes gemaak word as jy fluks is. Verlede jaar se sonrokke kan nuwe lede kry as jy dit afwerk en 'n spleet insny. Mens kan ook die bandjie oor die skouer vervang met 'n paar veelkleurige bandjies wat in 'n seintuur herhaal word.

Wat skoene betref, is dit 'n goeie idee om sandale met veelkleurige bandjies te koop wat by alles pas. Moenie jou lae sandale weggooi nie, dit is nog in die mode saam met 'n geplooide langbroek en leotard.

Gooi uit wat jy nie dra nie. Jy gaan nie nou skielik van iets begin hou wat jy nog nooit regtig wou dra nie. Moenie alles op een slag wil koop nie. Dis soveel lekkerder om elke maand 'n stukkie by te koop en mens word dan nie so gou moeg vir jou klere nie.

Daar was nog nooit so 'n wye keuse wat aanddrag betref as juis nou nie. Behalwe vir die disko-style is die asimetriese mode baie gewild. Dit vereis meters en meters materiaal maar verskaf tog 'n tikkie oorspronklikheid aan die modetoneel.

**Wat die mans betref:** is kleure net so bont hierdie seisoen. Welwetende dat min mans op die kampus 'n pers T-hempie met 'n smaraggroen broek gaan dra, is 'n paar wenke saamgestel wat meer aanvaarbaar is.

In die algemeen is mansklere helder maar effekleurig. Strepies, kolletjies en geruite artikels is definitief uit. Jy kan wegkom die somer met 'n denimbroek, 'n ligte broek, verkieslik beige, en 'n middernagblou broek. Hoogmode is die platplooitjies in die middel met 'n smal, helderkleurige gordel.

Alles is inderwaarheid smaller die seisoen, ook lapelle en dasse. Vir klasdrag is T-hemde ongelukkig uit, maar die vakansie kan jy gerus 'n paar helderrooi, groen, blou en selfs geel T-hemde aanskaf. Gedurende die termyn kan dit onder 'n hemp gedra word solank dit nie deurskyn nie, en deel van die uitrusting vorm.

Oopnekhemde met 'n smal kraag en aangesnyde moue is hoogmode, veral in 'n linnemengsel. Hier sal drie genoeg wees: 'n rooie, 'n witte en 'n helder groene. As jy 'n kriekethemp van vervloë dae in die hande kan kry, soveel beter.

Hierdie is ook die seisoen vir die ligte, effekleurige sportbaadjies met die nou lapelle. Hierby kan 'n T-hemp gedra word of 'n hemp waarvan die kraag nie oor die baadjie geslaan is nie.

Dit geld ook vir mans om nie impulsief te koop nie. Dink of die hemp wat jy gaan koop by een van jou broeke sal pas. Kies goeie kwaliteit al is dit duurder, want met die helder kleure kan jy dalk 'n goedkoop artikel koop waarvan die kleur spoedig uitwas. Hemde van T-hemp materiaal of van sagte nylonmateriaal lyk gou lelik. Die hemp verloor sy vorm, haak en trek punte by die moue.

Dis natuurlik nie nodig dat jy alle klere nou moet begin uitgooi nie, maar dis 'n goeie idee om gedurende die somer stelselmatig 'n nuwe klerekas op te bou. Dis 'n plesier om 'n man te sien wat moeite doen met sy klere. Die wye-pyp bruin crimplenelangbroek is uit en saam daarmee, die geruite langbroek. Gaan sit nou voor jou kas en gee daardie klere wat jy al sewe jaar lank dra na kleinboet toe aan, ou klere is erger as 'n vervelige sleep.

Dit is nie nodig om 'n fortuin aan klere te spandeer nie. 'n Ligte broek, 'n paar helder hemde, en T-hemde vorm die basis vir 'n klerekas wat saam met die somer kan uitbrei.



## SIT TWEE WIELE BY

**Brandstofpryse styg met 400 persent en die prys van motorvoertuie met 65 persent. Dit is die stand van sake sedert 1973. Dink net wat nog in die toekoms kan gebeur.**

Die vinnigste manier om koste te besnoei is eenvoudig om twee wiele by te sit — koop 'n motorfiets.

Motorfietsverkope het sedert die styging van petrolpryse met 60% toegeneem. Dit het die alternatiewe vervoermiddel oor kort afstande geword. Die dasen-baadjie-bankbestuurders dokters en onderwysers begin ook nou die waarde van hierdie ryding raaksien.

Vir studente wat ook gedurig die aanslae op sy reeds plat beursie moet afweer, is die motorfiets 'n uitstekende alternatief.

Selfs dames hoef nie hier uitgesluit te voel nie. In Potchefstroom is 'n 50cc damesfiets die ware Jakob. Niks verhoed die meer avontuurlikes om selfs 'n 1 000cc aan te skaf nie.

As die brandstofverbruik van 'n klein motor (8,63 l/100km) vergelyk word met dié van 'n 250cc motorfiets (4,00 l/100km), is daar 'n aansienlike brandstofbesparing vir elke 100km afglê te bespeur. Besparings ten opsigte van instandhouding en tyd vergelyk ook gunstig.

Syfers wat deur die Automobiel Assosiasie gepubliseer is, het die onderhoudskoste van motorfietse as volg opgesom:

Onder 50cc : 2,9 sent per km
50cc - 250cc : 3,5 sent per km
250cc - 500cc : 4,5 sent per km
oor 500cc : 6,3 sent per km

Alhoewel besparing 'n belangrike oorweging is, is daar nog twyfel by mense of motorfietse werklik veilig is. Volgens statistiek was 15,77 persent van alle voertuie op die pad in 1977 in ongelukke betrokke, terwyl die ooreenstemmende statistiek vir motorfietse slegs 8,33 persent was.

Afgesien van die besparing van brandstof, tyd en hoofpyn oor parkering is daar nog die vars lug en pret wat gratis saam met elke motorfiets kom.

**'n Wenk vir 'n puik vakansie: As jy die hele vakansie gewerk het, en 'n paar dae oor het voor die universiteit weer begin, pak 'n rugsak en gaan stap die Outenikwa-wandelpad. Dit is 'n ervaring wat jy nooit sal vergeet nie, met min onkoste.**

## Rek die liter

**Aangesien dit dikwels onmoontlik of onprakties is om minder te ry, is die enigste alternatief om elke moontlike kilometer uit 'n kosbare liter petrol te druk. Brandstofverbruik kan met 20 persent besnoei word. Ons wil 'n paar riglyne gee wat sal voorkom dat die vooruitsig op 'n grootse finansiële toekoms nie in 'n petroltenk gestort word nie.**

Deur middel van vier eenvoudige tegnieke kan 9 persent brandstof bespaar word:

- Trek stadig weg. Onthou gerus dat vier maal meer petrol saam met die stofwolke agterbly.
- Wissel die ratte glad en gou — hoe laer die rat, hoe hoër die petrolverbruik . . . en gee jou verbeelding vrye teuels: as jy bestuur asof daar 'n eier tussen jou voet en die petrolpedaal is, rek daardie liter nog langer.
- Hou altyd die verkeer dop. Dit is belangrik aangesien dit die gevaar van rukkerige en daarom duur bestuurdery voorkom.
- Gehoorsaam die snelheidsbeperking. Onthou gerus dat te hoë, maar ook te lae snelheid brandstof vermors. Daar word nietemin 30 persent meer petrol gebruik wanneer teen 115 km/h in plaas van 80 km/h op 'n snelweg gery word.

Brandstofverbruik kan met nog 7 persent besnoei word indien u deeglik na u motor omsien:

- Te pap bande kan 'n kilometer op elke 25 vermors.
- 'n Vuil lugfilter gebruik tot 10 persent meer petrol.
- 'n Enkele ketsende vonkprop kan brandstofgebruik met 10 persent opstoot.
- Bedradingsfoute of defekte batterye verkwis petrol.
- Die gebruik van die verkeerde soort olie kan brandstof vermors en ook duur herstelwerk veroorsaak.

Die volgende wenke sal meehelp om u letterlik en figuurlik op die regte pad te hou:

- Moet nooit die enjin laat luier nie. Dit kan tot een liter brandstof elke vyftien minute vermors.
- Handhaaf 'n konstante spoed op snelweë en sorg dat u altyd in die regte rat bestuur.
- Hou die vensters toe. Oop vensters skep 'n weerstand wat brandstofverbruik verhoog.
- Moenie onnodig elektriese toebehore gebruik nie.
- Moet nooit die tenk heeltemal vol laat maak nie. Die petrol kan miskien gestort word en verdere vermorsing word veroorsaak deur die ekstra gewig van die brandstof.
- 'n Lugreëlaar gebruik 10 persent meer brandstof.
- Parkeer in die skaduwee. Dit verminder die moontlikheid van brandstofverdamping.
- Vra u af of die rit altyd nodig is. Vele liters verdwyn in dun lug as gevolg van kort, duur ritjies na die kafee of net-om-die-hoek. Die antwoord hiervoor is beplanning en kombinering van 'n aantal kort ritte.

Kort gestel lyk die prentjie soos volg: 9 persent brandstof kan bespaar word deur die gebruik van vier bestuurstegnieke, 7 - 10 persent deur die deeglike instandhouding van u motor . . . en ongeveer 2 persent deur die gereelde gebruik van die korrekte olie.


WENMOTOR*




Nuwe Volkswagen Golf
Die grootste idee in die wêreld van klein motors.

Kom sien self waarom die Golf dié motor van die jaar genoem word.
Golf LS 2- en 4-deur, GLS 4-deur handrat en outomaties, GTS 4-deur, Diesel 4-deur.

Met 'n volle 12-maande-waarborg, ongeag die afstand afgelê.

Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261




## PU-Sokkerklub

**Die seisoen het tot 'n einde gekom en die voorsitter, mnr. Egon Schultze, is genader om sy siening oor die jaar se aktiwiteite te gee.**

Hy het nie 'n groot keuse gehad om tussen spelers te kies nie en die gevolg was swak opkomste by oefeninge omdat die spelers verseker was van hulle plek in die span. Afname in samespel omdat daar nie genoegsame onderlinge koördinasie was nie het gevolg. Beserings het verder ook nog daartoe bygedra dat die tweede span van die liga onttrek moes word. 'n Belangrike faktor, die gees van die span, het baie hieronder gely.

Die Pukke het ondanks al die foute die vyfman-sokkerbeker gewen. Goeie spelers wat uitgesonder kan word, is Ernst Kubirske, 'n verdediger Henning van Aswegen, Piet Fourie en die kaptein.

Die voorsitter, mnr Egon Schultze, is teleurgesteld in die afgelope seisoen. Hy is van mening dat die Pukke potensiaal het om beter te vaar. Hy hoop om beter spelers vir die volgende seisoen te werf, sodat die balans in die span herstel kan word.



*'n Deel van die vertoonspan wat deelgeneem het op die 19 en 20ste September in die Studentesentrum.*


# VERTOONSPAN TREE OP

**Die vertoonspan het op 19 en 20 September in die Studentesentrum opgetree en was 'n reuse sukses. Die opkoms en ondersteuning was swak weens 'n tekort aan belangstelling van die Puk-studente.**

Die doelstellings van die vertoonspan is om die aanbieding van liggaamlike opvoedkunde aan die publiek en veral skoolgaande kinders bekend te stel. Verskeie toere is oor die land onderneem.

Die vertoonspan doen 'n groot verskeidenheid reekse, en is ook die enigste vertoonspan in die land wat die vyf-rigting-kruis-tuimel uitvoer. Hulle is 'n gevoelige slag toegedien deurdat hulle hul afrigters mnr. en mev. J.S. van der Walt verloor het. Mnr. en mev. Van der Walt het na Pretoria verhuis. Ten spyte daarvan sien die vertoonspan uit na 'n jaar van nuwe uitdagings en vertonings.

# POTEKAMP NÁ SATERDAG




# PU wen POK

Met 'n telling van 30 - 6, het die PU Saterdag weereens bewys dat die Pote, wat kompetisie-bais betref, nog 'n lang pad moet loop voordat hulle saam met die Pukke kan gesels. Hoewel die wedstryd met tye goeie spel opgelewer het, is dit gekenmerk deur taai voor- en agterspel wat met tye los en slordig was.

Behalwe vir humeure wat aan die begin van die wedstryd handuit geruk het, was dit 'n skoon, harde wedstryd.

# PERSONEEL EN SSR DRA BY VIR KENNETH MC ARTHUR

**Woensdagmiddag 18 September het die SSR en die Personeelvereniging van die PU vir CHO afsonderlike bedrae aan die WTAAU oorhandig as bydrae om die skuld van die sintetiese atletiekbaan in Potchefstroom te verlig.**

Dr. W.J. Jooste het 'n bedrag van R250 namens die Personeelvereniging, en mnr. Jan-Louis du Plooy 'n bedrag van R504,13 namens die SSR aan prof. Gert Scholtz, voorsitter van die Uitvoerende Raad, oorhandig.

Dr. Jooste het gesê hul bydrae tot die atletiekbaan is 'n wyse van dankbetuiging. Hy het gesê die personeel en hul families aan die PU maak ook 'n deel van die publiek uit. Hulle is almal dankbaar vir die puik sportgeriewe wat die nuwe sintetiese baan hulle bied. Dr. Jooste het genoem dat die donasie nie hul laaste een sal wees nie, hulle voorsien om in die toekoms weer 'n bedrag geld aan die WTAAU te oorhandig.

Die voorsitter van die SSR, Jan-Louis du Plooy, het tydens die oorhandiging gesê die geweldige reklamewaarde en benuttingswaarde van die pas opgerigte baan vir Wes-Transvaal en die Universiteit het nie by die SSR van die PU verbygegaan nie. Om hierdie rede het die SSR van die PU op eie inisiatief besluit om 'n insamelingsveldtog te loods om sodoende ook 'n bydrae te maak tot die afbetaling van hierdie juweel op die dorp.

Prof. Scholtz het tydens die oorhandiging gesê die sintetiese atletiekbaan is sonder enige politieke bymotiewe op Potchefstroom aangebring. Byeenkomste daar aangebied implementeer slegs die goedgekeurde sportbeleid van die regering en goeie mensverhoudinge is alreeds en sal nog steeds bevorder word. Prof. Scholtz het genoem dat die PU-atletiekklub reeds R5 000 en die Mercedes Benz kompetisie R2 000 tot die afbetaling van die skuld bygedra het. Daar is nog 'n bedrag van R210 000 uitstaande. Daar word gepoog om die R15 000 kerf met insamelingsaksies verby te steek.

Mnre. Manie du Plessis, Richard Ingram, Jan Botha, Pieter Groenewald, Adriaan van der Walt, Gert Coetzer, Fanie Haasbroek en mejj. Estelle Oosthuizen en Rolene Koch het ook die oorhandiging bygewoon.

## KOSHUIS-KRIEKET

Over-de-Voor het in die interkoshuisliga vanaf die begin van die jaar nog nie een van sy drie wedstryde teen Villagers, Dawie Dup en Drakenstein verloor nie. Hulle is die wenners in hul afdeling en sal op Saterdag 29 September die finale wedstryd speel teen die wenner van die wedstryd tussen Caput en Hombré.

## PU-Krieket besin op hoë noot

**Op Saterdag 15 September het die PU 1 en die Ibbie-krieketspan teen dié van Wits op die Fanie du Toit-sportterrein gespeel.**

Die eerstespan van die PU het tweede gekolf en het 165 lopies vir vyf paaltjies behaal. Die span van Wits het 217 lopies vir sewe paaltjies behaal. Michael Carlisle het in 'n skitterende beurt 60 lopies gekry en Piet de Haas was die suksesvolste bouler met twee paaltjies vir 16 lopies.

Die Ibbies het tydens hul wedstryd ook tweede gekolf en het 203 lopies vir nege paaltjies behaal. Wits kon net 114 lopies aanteken. In die wedstryd het Sid Eckley puik spel gelewer met sy 52 lopies en Ginger Nel se boulwerk (vyf vir 34) was van die beste.



***Hombré se manshokkiespan wat die liga gewen het. Agter, v.l.n.r.: Piet Odendaal, Francois Nel, Steve Biko en Piet du Plessis. Voor, v.l.n.r.: Jaco Gouws, Willem Benade, Piet Vermeulen, Fanie Naude en Kallie Grunschloss.***

**Foto: Thys Hart**

# Oostenryk kom skerm

**Op Saterdagoggend 29 September bied die PU se skermklub 'n internasionale skermkompetisie aan. Die kompetisie begin reeds om 10 vm en dit word gehou in die hoofsaal van die Studentesentrum.**

'n Oostenrykse toerspan sal teen 'n Springbokspan deelneem. Dit gaan voorwaar 'n taai stryd afgee. Bekende skermers soos Cathy Cay en Mike Stafford sal deelneem.

## KOSHUISRUGBY PUNTESTAND

EERSTELIGA:
1. Hombré — 24
2. Caput — 20
3. Over-de-Voor — 18
4. Dawie Dup — 15
5. Drakenstein — 12
6. Amajuba — 10
7. Klooster — 6
8. Villagers — 3

TWEEDELIGA:
1. Caput en Hombré — 18
2. Over-de-Voor — 12
3. Klooster, Dawie Dup en Drakenstein — 4

DERDELIGA:
1. Klooster — 21
2. Hombré — 20
3. Over-de-Voor — 15
4. Caput — 13
5. Amajuba — 7
6. Villagers — 2
7. Drakenstein — 0

## Hombré wen hokkie

Na afloop van nog 'n seisoen het Hombré as oorwinnaars uit die stryd getree. Hombré was eerste, in die tweede plek was Uitspan, en derde Over-de-Voor.

## Koshuisatletiekuitslae

DAMES:
1. Dinki en Kulu — 950
2. Wanda — 915
3. Karlien — 575
4. Oosterhof — 626
5. Vergeet-my-nie — 445
6. Klawerhof — 430
7. Wag-'n-Bietjie — 335
8. Kasteel — 320
9. Heide — 225

MANS:
1. Hombré — 1 325
2. Caput — 1 190
3. Amajuba — 865
4. Over-de-Voor — 805
5. Dawie Dup — 650
6. Klooster — 570
7. Drakenstein — 475
8. Villagers — 400
9. Oppikant — 170